

Liewe Graad 12 Rekeningkundeleerder

Geluk met jou die bereiking van jou laaste skooljaar en jou keuse van Rekeningkunde as een van jou vakke. Jy besef sekerlik teen hierdie tyd hoe belangrik hierdie vak vir jou beroep en toekomstige werkseleenthede is. Die vaardighede, kennis en waardes wat jy reeds aangeleer het en in hierdie jaar verder sal uitbrei, gaan van onskatbare waarde wees in jou persoonlike en professionele lewe. Alhoewel Graad 12 harde werk vereis, maak die bevrediging en vreugde om hierdie graad te slaag dit alles die moeite werd.

Vakvereistes:

- 'n Handboek
- Rekeningkunde skryfboeke (Algemene grootboek, 8-kolom en/of 3-kolom kasboek en 'n notaboek; OF 'n werkboek met voorbereide werksvleë)
- 'n Blou of swart pen, 'n potlood en liniaal
- Nie-programmeerbare sakrekenaar

Inhoudskontrolelys

Maak seker dat jy die inhoud (met die toepaslike eksamenvraestel tussen hakies) baie goed verstaan.

Maatskappye (Vraestel 1)

- Konsepte en Grootboekrekeninge, veral rekeninge uniek aan Maatskappye bv. Inkomstebelasting
- AARP beginsels (historiese koste, omsigtigheid, wesenlikheid, besigheids-entiteits-beginsel, paringsbeginsel, lopende saak-beginsel)
- Effek van transaksies op rekeningkundige vergelyking
- Aansuiwerings, finale rekeninge en finansiële state met notas insluitende Inkomstestaat, Balansstaat en Kontantvloeiastaat
- Ontleding en vertolkings van finansiële state en ouditverslae

BTW (Vraestel 2)

- Begrippe en etiese gedrag in terme van BTW
- Bereken die bedrag ontvangbaar van/betaalbaar aan SAID

Rekonsiliasies (opstel, ontleed en vertolk) (Vraestel 2)

- Bank-, debiteure- en krediteurerekonsiliasie (-versoenings)
- Debiteure-ouderdomsontleding
- Etiese gedrag en interne beheerprosesse

Vervaardiging (Vraestel 2)

- Begrippe, etiese gedrag, interne beheerprosesse
- Debiteure-invordering- en Krediteurebetalingskedules
- Voltooi, ontleed en vertolk: Kontantbegrotings en Geprojekteerde Inkomstestaat

Begroting (Vraestel 2)

- Begrotingskonsepte
- Debiteure-invordering en Krediteurebetaling
- Kontantbegrotings (ontleed en vertolk)
- Geprojekteerde Inkomstestaat (ontleed en vertolk)

Vaste Bates (Vraestel 1 en 2)

- **Beide vraestelle:** Waardevermindering, aankoop en verkoop van bates aan die begin, gedurende en einde van 'n jaar
- **Vraestel 1:** Waardasie vir verslagdoening, bv. Vaste bate-nota
- **Vraestel 2:** Opskryf & interne beheer, Bateverkoperek./ Vaste bateregister.

Voorraadstelsels

- Begrippe, etiese gedrag en interne beheer
- Voorraadwaardasietodes: Spesifieke identifikasie, EIEU, Geweegde gemiddelde

Etiek en Interne beheer word by ELKE onderwerp ingesluit

Professionele instellings en beleid; Interne audit

- SAICA; SAIPA; King Kode III
- Interne auditprosesse

Assesseringsvereistes

Skoolgebaseerde Assesering: 100 punte

Deur die loop van die jaar sal jy formele en informele assesseringsake voltooi. Die formele take sal 25% tot jou jaarpunt bydra. Alle assesseringsake is uiters belangrik en daarom moet jy dit na die beste van jou vermoë voltooi om 'n goeie jaarpunt te verseker.

- **Kwartaal 1:** Geskrewe verslag; Kontroletoets 1
- **Kwartaal 2:** Navorsingsprojek;
- **Kwartaal 3:** Gevallestudie; Proefeksamen (2 vraestelle)

NSS-eksamen: 2 vraestelle (2 x 150; 2 x 2uur)

Jy gaan **TWEE vraestelle** skryf **op verskillende datums**.

Daar is geen keusevrae. Elke vraag dek 'n onderwerp (soos hierbo genoem). Jy beantwoord elke vraag in 'n spesiale antwoordeboek. Alle bewerkings en finale antwoorde moet in hierdie antwoordeboek gedoen getoon word.

Wenke vir sukses:

- In Rekeningkunde gebruik ons 'n teorie, toepassing en refleksie- benadering. Jy moet begrippe verstaan en kan verduidelik, prosedures kan uitvoer & ook reflekteer en kommentaar op inligting en tendense kan lewer.
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk daagliks om te verseker dat jy konsepte en berekeninge wat in die klas behandel is, verstaan.
- OEFEN ... OEFEN ... OEFEN. Werk gereeld deur ou eksamen-vraestelle om jou eksamenskryf-vaardighede te oefen, bv. tydbestuur, lees van instruksies met insig, ens.
- Wanneer jy hersien/voorberei vir eksamen, fokus op vrae oor jou swakker onderwerp(e), maar maak seker dat jy AL die onderwerpe hersien. As jy deeglik voorbereid is in al die onderwerpe sal dit jou kans op goeie resultate in die eindeksamen verbeter.
- Werk altyd teen tyd, selfs al doen jy daaglikse huiswerk. Gebruik die tydtoekennings by eksamenvrae om seker te maak jy kan wel die vraag in die toegelate tyd voltooi. Tydbestuur tydens toetse en eksamens sal verseker dat jy die hele vraestel in die toegelate tyd voltooi.
- Toon berekeninge tussen hakies in toetse en eksamens om deelpunte te kan verdien.
- ONTHOU: Jy kan die hele eksamen in 'n donker potlood voltooi, wat tyd spaar omdat jy foute kan uitvee. GEEN korrigeervloeistof word in die eksamen toegelaat nie en punte word verbeur vir onleesbare en onnetjiese werk.



Skandeer hierdie QR-kode vir 2019 Telematiese videos

<http://bit.ly/2019AcTelmatrics>